Dinsdag 19 Mei
Skrifgedeelte: Matteus 12:1-14 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Matteus 12:8

## Uit genade gee God aan ons 'n sabbatsrus

Ons lees van die Sabbatdag reeds in Genesis 2:2-3. In Eksodus 20:11 anker God die rede vir Sabbatsrus in die feit dat Hy na sy skeppingswerke gerus het. In Deuteronomium 5:15 anker God die rede vir Sabbatsrus in die verlossing wat Hy bewerk het. Die rus op die Sabbatdag wys vorentoe na die ewige sabbatsrus by God wat vir elkeen van ons wag (Heb. 4:4, 9). Die Sabbatdag is dus 'n Godgerigte dag waar ons rus in Hom soek.

Wat het die Fariseërs dan misverstaan? Die Fariseërs het 'n Godgerigte dag in 'n mensgerigte prestasieprogram omskep. In plaas van God as Skepper en Redder te ken en daarin te rus, het hulle bloot wette rakende wat toelaatbaar en ontoelaatbaar was, gesien. Dit terwyl Jesus op hierdie einste dag vernuwing en herstel vir sy dissipels asook vir die man met die verdorde hand beskik het.

Op die Sabbatdag vind ons opnuut herstel, vernuwing en harmonie by God as ons Skepper en Redder. Die ware bedoeling lê wel nie in redding, vryheid, en vernuwing op sigself nie. Nee, dit is vir ons om as herstelde mense in 'n herstelde verhouding met God te leef. Dit alles is nie bloot op 'n sekere dag te vind nie. Dit is by God te vind. Dit is by Jesus te vind – Hy is die Here van die Sabbat. As ons Hom mis, mis ons die bedoeling van die Sabbat.

Jesus sê in Matteus 11:28: *"Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee."* Ons moet daagliks Hom ontmoet en in verhouding met Hom leef. Ons het ook 'n afgesonderde dag ontvang om so te rus. Dit is die eerste dag van die week (Mark. 16:2; Op. 1:10; 1 Kor. 16:1-2; Hand. 20:7). Dit is Sondag. Hoe spandeer ons daardie dag?

*Sing: Psalm 118-1:12*
*Ds. SB (Barend) van der Westhuizen (Ermelo)*